EDENPARK – BELANGRIKE INLIGTING

BAIE DANKIE VIR U BESPREKING – ONS HOOP U GENIET DIE KUIER HIER!

WANNEER U DIE DEPOSITO/VOLLE BETALING MAAK EN DIE DOKUMENT TEKEN, AANVAAR ONS DAT U DIE REËLS GELEES EN VERSTAAN HET.

BESPREKING

ALLE BESPREKINGS GEMAAK EN BEVESTIG TE EDENPARK IS ONDERWORPE AAN DIE REËLS SOOS UITEENGESIT. LEES ASSEBLIEF DIE REËLS NOUKEURIG DEUR OM U IN TE LIG OOR DIE NOODSAAKLIKHEDE WAT BETREKKING HET TOT U BESPREKING EN VERBLYF BY ONS.

***KANSELLASIE BELEID:** Indien bespreking gekanselleer word, word die volgende bedrag teruggehou tov kansellasiegelde:

31 dae of langer voor aankomsdatum :	50%	'n Minimum bedrag van R150.00 sal gehef word op 'n kansellasie.
16 tot 30 dae voor aankomsdatum :	75%	
0 tot 15 dae voor aankomsdatum :	100%	

Besprekings en/of –gelde is geensins oordraagbaar na ander datums nie. Kansellasies agv ongure weer is onderhewig aan KANSELLASIE BELEID. Ongure weer is buite ons beheer. Geen besprekings kan weens ongure weer (of enige ander rede) aangeskuif word nie. Daar word geen kortings toegestaan, betaalde dae na ander datums oorgedra of terugbetalings gemaak indien u voor die bespreekte vertrekdatum vertrek nie. Besprekings kan ook nie na enige ander persoon oorgedra word nie.

NB: Geen terugbetalings sal gedoen word ongeag dood, siekte of enige ander redes. Dit geld vir u familie of u mede kampeerders (hetsy in 'n groep of afsonderlik).

Indien besetting nie binne 24 uur van aankomsdatum geskied nie,word bespreking outomaties verbeur tensy vooraf gereël. Kampeerders bly verantwoordelik vir die huur vir die volle tydperk waarvoor hulle bespreek het.

***BETALING OPSIE:** Naweke en langnaweke is ten volle betaalbaar. Besprekings sal outomaties gekanselleer word indien die bewys van betaling nie binne 72-uur na datum van bespreking ontvang is nie.

EDENPARK HET GEEN KAART FASILITEITE NIE

***GROEPBESPREKINGS:** Geen groepbesprekings groter as 2-gesinne word toegelaat tydens lang-naweke en hoog seisoen vakansietye nie.

***AANKOMS EN VERTREK TYE:** Gewone/Buite seisoen Naweek Aankoms: 12H00

Gewone/Buite seisoen Naweek Vertrek: 15H00

Hoog Seisoen Aankoms: STRENG 14H00

Hoog Seisoen Vertrek: STRENG 10H00

***TARIEWE VAN TOEPASSING:** Slegs 4 persone (Pa, Ma en 2 skoolgaande kinders of studente) met 1 voertuig en 1 woonwa met rally tent word per staanplek toegelaat. Met tweede voertuig, is daar ekstra kostes betaalbaar.

Indien daar enige veranderinge aan die bespreking na bevestiging gemaak word, moet daar VOOR datum van aankoms met die kantoor gereel word t.o.v ekstra persone/voertuie.

***NAWEKE:** BLOK Besprekings is verpligte aantal nagte per naweek en/of langnaweek.

***DESEMBER MAAND:** 'n Minimum van 10 nagte moet bespreek word rondom die Kersfees/ Nuwejaar tydperk.

ALGEMEEN

***KARAVAAN EN TENTE:** Op die grasstaanplekke nr's 9 en 10 kan u vir 'n maksimum van 5 nagte bespreek. Slegs "rally" en losstaande tente word toegelaat. Tente/ klein losstaande tente wat op die gras staan moet elke 3de dag verskuif word om die grasperke te beskerm. Addisionele "dome" tente is toelaatbaar. 'n Geweefde grondseil wat genoeg lug en lig vir die gras deurlaat is 'n vereiste. Soliede en diggeweefde grondseile word nie toegelaat nie. "Add-A-Rooms" word slegs op goedgekeurde staanplekke toegelaat maar nie op gras nie. Bestuur hou die reg voor om enige persoon van 'n spesifieke staanplek na 'n ander staanplek te skuif, of die aanwys van staanplekke, of die area aanwys waar u op die staanplek kan staan sodat ons die grasperke kan beskerm teen beskadiging. U is welkom om 'n maksimum van 23 nagte op die geplaveide staanplekke te staan en dan ook 'n voltent op te rig. 'n Tweede karavaan of tent op 'n staanplek, word slegs toegelaat met die nodige toestemming van bestuur.

***BESOEKERS:** Geen dagbesoekers word op die oord toegelaat nie, alleenlik kuiergaste van die kampeerders. Geen dagbesoekers op wildritte nie. Reël asb vooraf met kantoor vir gaste – wanneer en hoe laat hul arriveer en/of vertrek. Geen huishulpe toegelaat nie. Geen besoekers voor 10H00 nie.

***LAWAAI:** Geen geraas na 22H00 (10:00nm) nie. U musiek/stemtone mag te alle tye nie steurend vir ander kampeerders wees nie. Geen plastiek kindermotorfietsies mag voor 09H00 in die oggend beweeg nie.

***ABLUSIE:** Ablusies word net eenmaal in die oggend skoon gemaak (nie Sondae nie).

***SPOEDBEPERKING:** Kampeerders/Besoekers word gemaan om versigtig te bestuur en nie die snelheidsgrens van 20km per uur te oorskry nie. Die gebruik van voertuie moet ook tot die minimum beperk word. Selfaangedrewe vierwielmotorfietse, bromponies, golfkarretjies en motorfietse word nie toegelaat nie. Indien enige kampeerder die wild op die oord beseer/dood, sal hy/sy verantwoordelik gehou word vir die koste verbonde aan die verlies van die dier (markwaarde) of onkoste t.o.v skade.

***PARKERING:** Voertuie mag onder geen omstandighede oor die geplaveide paadjies en grasperke by die staanplekke/ablusies ry of parkeer nie. Parkeer asb op 'n geskikte plek naby die staanplek op grond areas.

***VUUR:** Daar mag slegs op die aangewese vuurmaakplekke vuur gemaak word. Vuurmaakhout is by die winkel beskikbaar en geen bome en/of stompe wat op die oord/plaas voorkom mag vir die doel aangewend word nie. Vure moet geen bedreiging vir geboue, bome en veld inhou nie (Hou vure binne perke asb). Los braaiers is beskikbaar indien nodig.

***SPEELPARKE/TRAMPOLIEN:** Beide speelparke en trampolien word op eie risiko betree. Geen skerp voorwerpe, skoene en sigarette word op die trampolien toegelaat nie.

***SWEMBADDENS:** Die swembad in die Hoofkamp by die kantoor is nie omhein nie. Dit is die verantwoordelikheid van die persoon in wie se sorg babas, peuters, kleuters en kinders is, om die nodige voorsorgmaatreëls te tref. Geliewe daarop te let dat die swembad by die kantoor in sy diepste kant, dieper as 2 (twee) meter is. Die swembad in die Bosveldkamp is wel omhein en die hekkie moet te alle tye op knip wees. Die gebruik van drank, glas of enige ander bottels in enige van die 2 swembaddens word verbied. Die speel en loop in die spruit is verbode. Kinders se ouers word ernstig gemaan om hierdie gevaar onder die kinders se aandag te bring.

***TROETELDIERE:** Geen troeteldiere (ingesluit honde) word toegelaat gedurende somermaande, langnaweke en skoolvakansie tye nie. Wintermaande word slegs een skoothondjie toegelaat onderhewig aan goedkeuring van die Bestuur.

***DIERE:** Diere mag onder geen omstandighede getart, gesteur of gevoer word nie.

***ROMMEL:** Geen rommel mag gestrooi word in die karavaanpark, wandelroetes of plaas nie.

***ELEKTRISITEIT:** Edenpark kan nie verantwoordelik gehou word vir enige kragonderbrekings van die Mookgophong Munisipaliteit wat ons van elektrisiteit voorsien nie.

***ELEKTRIESE OMHEINING: NB – Die omheining om die plaas is ge-elektrifiseer en is 'n veiligheids risiko.**

***GEDRAG VAN KAMPEERDERS:** Die eienaar en bestuur hou hom die reg voor om enige persoon wat opsetlik eiendom/ bome/ plante beskadig te versoek om die oord te verlaat en die kostes wat voortspruit uit die herstel hiervan, te verhaal van die kampeerder/besoeker.

Toegang tot Edenpark en die gebruik van die oord se geriewe, geskied ooreenkomstig en onderhewig aan hierdie neergelegde reëls, sowel as met begrip van enige

kennisgewingbord wat op die plaas aangebring is.Toegang en gebruik van enige geriewe in of op die perseel, geskied op eie risiko en die besoeker vrywaar die eienaar, bestuur en enige werknemer teen enige skade, verlies of besering van welke aard ookal wat die besoeker mag ly. Die eienaar, bestuur en werknemer neem geen verantwoordelikheid vir skade aangerig aan voertuie, karavane of tente deur takke van bome wat breek of afval en/of enige onverwagse natuurrampe/ elemente nie.